Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-11-08

Liewe Ouers

Die personeel is besig met hul laaste assesserings vir die jaar. Ons doen ‘n vriendelike beroep op ouers om asb. nie die kleuters onnodig uit die skool te hou nie.

GRAAD R-INLIGTING:

GRAAD R-SPORT
A.g.v. die eksamen by die Laerskool en rapporte en assesserings wat voltooi moet word, eindig alle sport op Vrydag 8 November. **Dit sluit ALLE graad R-sport ook in.** Slegs die buitemuurse aktiwiteite wat deur buite persone aangebied word, soos STEM-Nerds, Rugga Roots, Ballet, Wicket Cricket, Gymfants, Netbal IS, Karate, Playball en Lochiekids rugby gaan voort.

OORSLAAPAAND (slegs vir Graad R)
Ons herinner ouers aan die **R200-00** per kleuter wat asb. voor **Vrydag 22 November** betaal moet word. Plaas die korrekte bedrag in ‘n koevert met “oorslaapaand” en u kleuter se naam voor-op, asb.

Ons tema vir volgende week is: **RUIMTE**

Ons persepsies is:
Getal: **Hersiening**
Klank: **Hersiening**

Assessering:
Herken getalsimbole 0-10
Herken getalname nul tot tien
Probleemoplossing tot 10
Klankherkenning/ Lettervorming
Potloodgreep
Knipvaardighede
Menstekening

Maandag	11 November:	Teken jou eie ruimtetuig
Dinsdag	12 November:	Ons maak ‘n ruimteprent
Woensdag	13 November:	Bak-en-Brou: ‘n Ruimtetuig
Donderdag	14 November:	Onderskei tussen dag en nag
Vrydag	15 November:	Samesang ***Skoolhempies en lekkertjiedag***
Saterdag	16 November:	***OPEDAG vir alle graad 1 leerlinge van 2025!*** ***09:00-11:00 Sien jou daar!***

GRAAD RR-INLIGTING:

AFSLUITINGSFUNKSIE

Baie geluk aan al die graad RR-kleuters met ‘n spogaand! Julle het almal pragtig gelyk en die ouers goed vermaak. Dankie aan al die ouers wat verversings gestuur het. Die borde waarin die verversings gestuur was, kan in die kombuis afgehaal word.

SEE-UITSTAPPIE: VRYDAG 15 NOVEMBER

Om by ons Somer tema aan te sluit, wil ons graag op Vrydag 15 November op ons jaarlikse see-uitstappie gaan.
Ons beplan om 08:30 vanaf die skool te stap. Ouers wat ons vergesel met die stap kan 08:15 by die skool wees.
Wat om te onthou:

- Klein Lochieland skoolhempie is verpligtend
- Gemaklike skoene/tekkies
- Smeer sonroom reeds tuis aan
- Kospakkie met eie piekniekkos
- Genoeg water/koeldrank

GEEN swembroeke of seespeelgoed nie, asb. Geen kleuter mag in die see swem nie.

Daar sal Maandag ‘n Google-vorm uitgestuur word. Ons benodig ook ouers wat ons kan help met vervoer van die kleuters terug skool toe. Indien daar nie genoeg vervoer is nie, sal ons om 11:00 terug skool toe stap.

As die weer ons nie toelaat nie, sal die uitstappie uitgestel word na Vrydag 22 November.

Ons tema vir volgende week is: **SOMER**

Ons persepsies is: Getal: **7**
Klank: **t-klankie**

Saterdag	9 November:	***BEKENDSTELLINGSDAG: Ons hoop om al ons graad RR-kleuters by die skool te sien om hul nuwe graad R-juffrouens te ontmoet!***
Maandag	11 November:	Ons verf ‘n handdoek
Dinsdag	12 November:	Ons maak ‘n waatlemoen
Woensdag	13 November:	Ons verf ‘n roomys
Donderdag	14 November:	Ons teken ‘n mantekening
Vrydag	15 November:	***SEE-UITSTAPPIE: Onthou skoolhempies, asb.***

Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel